

PRO



VERITATE

INHOUD/CONTENTS:

The Church in the world — — — —	1
Enkele opmerkings oor Sekularisasie —	1
Redaksioneel/Editorial — — — — —	3
Oordening — — — — —	3
Christian home and family life — — —	4
Our unity in the Risen Christ — — —	5
Ons eenheid in die Verresee Heiland —	5
The Christian Minister and nationalism	6
Revival — — — — —	7
Die taak wat voorlê — — — — —	8
Social witness and Evangelism — — —	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang III, Nr. 3

Intekengeld R1 Subscription

5c

Julie 15 July 1964

Volume III; No. 3.

By die Hoofskantoor as Nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

EDGAR H. BROOKES

THE CHURCH IN THE WORLD

BERNARD SHAW, in the Preface to "St. Joan", quotes the letter of a Catholic priest who wrote to him thus: "I see the dramatic presentation of the conflict of the regal, sacerdotal and prophetic powers, in which Joan was crushed. To me it is not the victory of any one of them over the others that will bring peace and the Reign of the Saints in the Kingdom of God, but their fruitful interaction in a costly but noble state of tension". This could hardly be put better

In the modern world we have not only the conflict between Church and State, but also between Church and Church, the Church in its prophetic ministry, the Church in its priestly and pastoral ministry. Often this conflict is within a single man called to be, in East Germany or South Africa, in Poland or the United States, prophet and pastor at the same time.

To make the issue one between Church and State alone is not merely to over-simplify it: it is also making a distinction which fundamentally does not exist. To quote Bernard Shaw again, this time from "John Bull's Other Island": "In my dreams it is a country where the State is the Church and the Church the people: three in one and one in three. It is a commonwealth where work is play and play is life: three in one and one in three". Teilhard de Chardin could have written that, but it was written by one who claimed to be an unbeliever, yet an unbeliever whom I have quite naturally quoted twice in the first two paragraphs of an article for a Christian journal.

• The fact is that there is no fundamental division between the sacred and the secular, and therefore the main issue is not Church versus State. When we are told that "Loving Shepherd of Thy Sheep" is sacred music and Beethoven's Ninth Symphony profane music we are told a ridiculous lie. When we are told that the shape of the liturgy is a religious question and apartheid a secular question we are being led into mental and moral confusion.

The sword of God

We shall, as we must, return to this question. But in the meantime, since there are some differences between the Church and the State let us consider how the Church fares in a persecuting and also in a patronising State. A persecuted Church may find it much more easy to be pure and genuine. It can fairly easily avoid hypocrisy. But it may well become supine and apathetic in those great questions of life which we call "politics", and which, because they affect human personality are fully within the purview of the Church. The Church in East Germany or Poland finds it hard to fulfil its calling of being the sword of Christ in human affairs.

It has been the practice, especially of the reformed Church, to deplore the conversion of Constantine. Con-

stantine's conversion (which I believe to have been sincere) did help to make Christianity fashionable. People, many of whom had not had any deep personal experience of Christ, crowded into the Church. Hypocrisy increased. Standards fell. But for the first time in its history the Church was put in the position to challenge the world. If the Emperor was to be a Christian, the Church not only could but must tell him how a Christian should reign. We now live in an age of Parliamentary institutions, but the principle is the same. If a Parliament claims to be Christian, the Church has the right and duty to tell the legislators how Christians should legislate. The Church, no longer living a hole-and-corner life, is called to be the sword of God in the State.

Too often it fails in this duty. The fact that the State patronises it, makes it easy for the Church to "conform to this world". A "Christian" State may become very unchristian. So in pre-war Germany a large part of the Church conformed to nationalist and Nazi policies. The salt had lost its savour.

Even when things do not go so far the Church becomes, like much of eighteenth century Anglicanism, a defender of the status quo. The State supports the Church, and it in turn becomes apathetic. Thus parts of the Christian Church in our country which do not feel an obligation to fight for apartheid tolerate it because it is in fact the accepted practice of the country. They wish to be comfortable, not to have to think too much, not to be shocked unduly. Such a Church has its prophets occasionally as eighteenth century Anglicanism had its John Wesley, but it does not like them.

A fruitful tension

One of the puzzling things in the life of the Church is that it is called on to minister to such people, some of whom may not be altogether insincere and who, while apathetic on public questions, have and know that they have, personal needs. The fact is that the Church has two functions. It is the sword of Christ. It is also the mother of wayfaring men. Never can it give up either function, yet their co-existence (often in the life of one minister or priest) can mean almost unbearable tension. The Church must challenge society. This is its prophetic work. Not only the robust

Elijah, but the tender-hearted Jeremiah, had to accept this function. So in South Africa today it is often the duty of a minister to challenge a comfortable congregation which resents being made uncomfortable on a "political" question such as the tremendous disparity between European and African wages, the plight of the man who is paid black and has to buy white. Yet he cannot shut his heart to those in need, even if they have never opened their own hearts on personal questions.

• The Church cannot be the Liberal Party at prayer, any more than it can be the Nationalist Party at prayer. Its ministers must care for all Christ's people, aware or unaware of the political situation, and there can be no limits to evangelical charity.

But in no way must they accept the view that the Church is something apart from life, or that politics is something 'worldly' with which Christians should have nothing to do. This kind of other-worldliness is not justifiable, for, in the words of Edmund Burke, "all virtue which is impracticable is spurious". In our own day two great men, the Catholic Teilhard du Chardin and the Protestant Tillich, have taught us to avoid this and similar errors. Their teaching and that of others has opened up great fields of thought, which we should all pursue further. They are not new. They were with us, as the First Epistle of St. John says "from the beginning". Yet they need further study based on deeper experience.

* Continued on page 2

PROF. C. A. VAN PEURSEN

Enkele opmerkings oor die verskynsel „Sekularisasie”

„SEKULARISASIE” vorm die tema van baie diskussies, met name in die kring van teoloë. 'n Mens is daarvan bewus dat die Kerk in 'n nuwe verhouding tot die nie-christelike wêreld gekom het, sonder egter, dat 'n mens hierdie verhouding reeds duidelik kan omskryf.

Die diskussies oor die sekularisasie het daarom 'n uiters praktiese sy, hoe teoreties hulle ookal mag klink, want hierdie diskussies is uiting van 'n daaragter-liggende verskynsel: die poging om 'n nuwe verhouding te vind tot die nie-christelike wêreld van vandag, ja, tot die eie geloofservaring.

Onder sekularisasie word verstaan dat die „sacrale”, die „seculum”, oftewel die wêreldsterrein, binnegedring word. As egter heilige voorwerpe, bv. 'n tempel, uit hul sakrale milieu in die profane wêreld kom, behou hulle dan nog wel hul geheimsinnige krag, of word hulle opgevat as alledaagse dinge wat nugter beskou moet word? Wanneer 'n godebeeld deur almal bewonder word weens die kunssinnige kwaliteite daarvan, dan kan dit wel wees dat die geloof in die godheid wat in daardie beeld gemanifesteer is, verlore is. Dit wat tans „sekularisasie” genoem word, is 'n gelyksoortige verskynsel. Die godebeelde, hetsy in die letterlike sin van die woord, hetsy in die figuurlike sin: kerklike dogmas, oorgelewerde goddelik gesanksioneerde wette, onbetwyfelbare, hoëre waarhede, hulle almal word in die sekulum binnegedra. Dikwels wek hulle bewondering: hoe wonderlik tog is die psigologiese meganisme waardeur die mens sy eie geheim kan projekteer in godebeelde. Hoe verrassend werk sosiale pressie wat onbewus saamhorigheid bevorder deurdat die norme van die samelewing erken word asof hulle

geboorte van 'n godheid sou wees. Maar soms wek dit hulle afkeer: hoe onbegryplik is die dogmas waarin iets oor 'n hoëre, goddelike werklikheid gestel word. Hoe star, hoe min persoonlik-betrekking, is alle ewige waarhede en norme, wat in 'n godsbegrip kulmineer, en waar niks mensliks meer te herken is nie. Positief of negatief, die sekulum (wêreld) is dit eens in die beoordeling van religie en metafisika dat dit slegs sinvol is, indien dit as menslike of as sosiale meganisme onthul word.

Dus is sekularisasie nie soseer die profanisering van die heilige nie, maar dit wat in wese veel erger kan wees: die as sinloos beskou van alles wat bo hierdie wêreld, bo ons menslike ervaring, bo die logika van die alledaagse taal uitgaan. Die metafisiese en religieuse kontrole van hierdie wêreld word verwerp, nie omdat dit nie waar sou wees nie, maar, veel erger, omdat mens niks sinvol daaronder kan verstaan nie. In baie vorme het hierdie sekularisasie hom voorgedoen. Om nog maar enkele, dikwels gememoreerde voorbeelde in herinnering te roep: Laplace, wat aan Napoleon sy teorie omtrent die heelal uiteengesit het, en op Napoleon se vraag waar daar dan nog plek is vir God, geantwoord het: „Meneer, ek het hipotese nie meer nodig nie”. Of die opkoms van die Darwinisme, waarby dieselfde verskynsel haar in die biologie voltrek, omdat

* Vervolg op bladsy 2

The Church in the World

* Continued from page 1

The Incarnation

Two of these fields of thought call for attention here. One is the full meaning of the Incarnation. The Eternal Word, in becoming man, has in effect said: "Homo sum; humani nil a me alienum puto". The religion which uses water, bread and wine for its main sacraments cannot be wholly other-worldly. It is true that our Lord refused to become a political leader — His vocation was far greater — but He did describe the tetrach of His own Galilee as "that fox", and He did in His cleansing of the Temple attack a political abuse by the priestly leaders of His own Jewish nation.

He was in the line of succession of the Old Testament prophets who were heart and soul bound up in the fight for social justice, and unless we are to exclude from Christianity all that preceded and all that followed the New Testament we must accept politics as part of the concern of God. The conditions of the New Testament — a persecuted minority Church, a single ordered Empire ruling the civilised world, a monarchy where the subject, Christian or non-Christian, had few duties except to obey — are not often reproduced in human history.

The Holy Spirit

We still have to understand fully the doctrine of the Holy Spirit and to rejoice in the great joy of His constant presence, inspiration and strength. In our own day the Church is beginning to draw up new treasures from this inexhaustible store. We cannot find words lovely enough to describe this abounding life. If as we think of the Incarnation we are led not to take from the glory of Jesus but to 'crown Him with many crowns', so, as we think of the doctrine of the Holy Spirit, we take nothing from the glory of the eternal Godhead but only begin to see more clearly how deep and high and all-embracing it is. To the young, and to those of the old to whom God gives the young heart, the thought of the Holy Ghost at work in the 1960's with absolutely no limits to His power and love, is exhilarating in the extreme. This is why we rightly and instinctively react against 'evangelistic' campaigns which fasten on the personal life, especially sex and prayer, and ignore almost everything else. It is not that they demand too much: it is that they demand too little. It is not that they are too emotional: it is that they are not emotional enough. It is not that they are too orthodox, but that they have failed to plumb some of the greatest depths of the orthodox faith.

The City of God and the earthly city

The antitheses, then, are not the Church versus the State, or the godly versus the world. The contrast to be drawn is that between utter devotion and obedience in all things and an incomplete surrender to God. It could hardly be put better than by St. Augustine when he says that the citizens of the City of God love God to the contempt of self and the citizens of the earthly city love self to the contempt of God.

He goes on to warn us that these two Cities are "in the course of these declining times intermixed and intertwined" in mankind generally and in our own lives. We cannot afford to be self-righteous about 'the world': it is one of the ugliest characteristics to be found among professing Christians. The State is not merely the "earthly City", nor is the Church as it stands the "City of God". Catholic Bishop though he is, Augustine is pre-

pared to find Christians (not claiming to be such) in unexpected places, and men of sub-Christian life in the Church and so it is today.

• Whoever prefers truth to comfort, even if he claims to be an atheist, is a knight of the Holy Ghost. Whoever prefers comfort to truth is a betrayer of Christ, even though he attends two services every Sunday of his life.

And yet we dare not repudiate the visible Church even though it contains much sub-Christian thinking and living. To do this is to repudiate humility and to revel in our own self-righteousness. Christ knew (who could

know it so well?) that His Church was bound to consist of frail and fallible men. It was "in the same night that He was betrayed", in the nadir of the infant Church's fortunes, that "He took bread and brake it, and said 'This is my Body'." One of the first twelve was a traitor, one denied Him, the rest ran away. He knew (who better?) that in the second generation there would already be hereditary Christians, and that not all of them would have the enthusiasm of their fathers, and yet they could not be turned away. He was willing to work in a world of such men, in a Church of such men. Are we holier than He was? Judging from the Epistles, the Churches of Corinth and Ephesus, of Rome and Thessalonica, were frail

even by today's lax standards, but the Holy Spirit did not desert them. For the Corinthians who quarrelled and lived in impurity He, through St. Paul, wrote the great poem on love. Christ took this risk of an imperfect Church: we must take it.

• But even as we do we must dedicate our own lives to utter obedience and pray passionately for grace to give that obedience. We must ever strive for the pure Church while we recognise the actual Church. For many of us the role of a prophet in a hostile and suspicious Church is indicated. May we, filling that role with courage, help to keep the Church, with all its faults, salt in a corrupt world, light in a dark age, Christ's home always. ★

Enkele opmerkings oor die verskynsel „Sekularisasie”

* Vervolg van bladsy 1

daar vir die afsonderlike biologiese soorte nou geen afsonderlike goddelike ingryping meer nodig was nie, omdat hulle wetmatig uit mekaar voortkom langs die weg van ewolusie. Of die opkoms van die dieptepsigologie, waar Freud die religie as illusie kon beskryf. Of die van die sosiologie, waarby Marx, vanuit die spel van maatskaplike kragte, die goddiens kon aandui as 'n remmende ideologie. Die gate in die veld van ons kennis word steeds kleiner, so klein dat die mens geen grote god meer nodig het om die gate op te vul nie. Vroom praatjies vul geen gaatjies nie!

In die diskussies rondom hierdie sekularisasie lê ten grondslag, soos reeds gesê, die behoefte om 'n nuwe verhouding te vind tot die moderne manier van dink, maar, meer nog, tot dit wat die Bybelse verkondiging nou eintlik as werklike en kragtige boodskap vir vandag inhoud. Die beoordeling van sekularisasie is dan ook uiteenlopend. Die eerste groep sien daar uitsluitend 'n groot gevaar in. Mens moet die tradisionele waardes verdedig en die bonatuurlike gehalte van die Christelike geloof nog weer 'n keer duidelik formuleer. So het 'n fundamentalistiese skrywer uit die kring van die Internasionale Raad vir Christelike Kerke ('n organisasie wat teen die Wêreldraad gerig is) geskryf, dat teenoor die tegniese oormoedigheid van die Russe met hulle ruimtevaarders deur die Christene gewys moet word op die hemelvaart van Christus as die eerste ruimtevaart. Dan word dit moeilik: metafisika teen metafisika. 'n Tweede groep sien in die sekularisasie alleen maar voordeel. Die ware Christendom is van hierdie wêreld, en die Ou Testament teken niks anders as een groot sekularisasie van 'n heidense sakrale wêreld nie. Die Christendom beteken geen religie nie, maar is die stryd teen die religie en die metafisika. So is daar geen konflik nie. Nie tussen geloof en wetenskap nie, en ook nie tussen kerk en sekularisasie nie. 'n Mens kan jou nie aan die indruk onttrek nie dat hier in 'n teenoorgestelde rigting die eie gehalte van die moderne sekularisasie misken word. Die moderne sekularisasie is immers geensins bereid om op 'n gesekulariseerde wyse Christen te wees nie, maar verwerp juis elke aanspraak van Godswê op die mens. Mens sou behoort na te gaan hoe enersyds die sekularisasie juis dit verwerp wat in wese nie tot die Christelike boodskap behoort nie en dus deur hierdie sekularisasie as metafiese ballas uitgesuiwer kan word. Maar ook hoe andersyds die sekularisasie 'n toesluiting is van die mens vir God, hoe dus daar in elke transendensie afgewys word.

Transendensie, 'n gevaarlike woord, as 'n mens in Christelike sin daarmee kan en mag bedoel nie. Nie die metafisiese transendensie nie. Die sekularisasie het in 'n bepaalde opsig iets van 'n bevryding as dit die bonatuurlike

werklikheid, wat 'n mens sleg op gesag sou moet aanneem, verwerp.

Hierdie verdubbeling van die wêreld in natuur en bo-natuur, in tyd en ewigheid, in verskynende en substansiële werklikheid is in stryd met wat die hedendaagse neo-positivis die sinvolle en verifieerbare gehalte van die menslike taal sou noem. Maar dit is seker soseer — op 'n ander wyse — in stryd met wat die Bybel tot die hart van sy boodskap maak, te wete dat slegs oor „God” gesprek kan word as 'n mens erken dat die menselewe direk op Hom betrokke is, en dat sy naam alleen sinvol genoem kan word as 'n mens Hom in sy woord-dade, in sy betrokke-wees by die menslike geskiedenis, herken.

In die tradisionele metafisika word die onderskeiding gemaak tussen „transendent” en „immanent”; die eerste bevind hom agter, bo en buite die immanente wat die sfeer is waarin die mens hom bevind, maar hierdie skeiding misken die transendensie van God, weer dit af, plaas dit buite die deur. Die transendensie van God is allereers dat die lewe van die mens sinvol oopgebreek word, dat die menslike geskiedenis nie vanuit homself 'n uitsig verkry nie. Hierdie Goddelike transendensie is nie te rym met die onderskeiding van „immanent-transendent” nie, omdat die mens hom nie kan verskans nie, welwillend soos die fundamentalis of onwelwillend soos die Marxist, in metafisiese dogmas en stelsels, waar die mens hier en God daár sou wees.

Die hele diskussie wat deur en rondom Robinson gevoer is, hoeveel metafisiese struikelblokke ook op waardevolle wyse opgeruim is, beweeg nog te veel in die sfeer van die vraag of God nou daar bo, daar ver, of daar diep in ons sou wees. Die transendensie van God is nie lokaliseerbaar nie, is weliswaar altyd teenwoordig in die sekulum en is vir sover sekulêr, maar breek tegelykertyd alle eie singewinge weer af. Vandaar ook die ander betekenis van hierdie transendensie: die soewereine, verhewene, ondeurgrondelike. Maar dergelyke woorde het dan eers sin as die Godnaam vlak by, 'n worsteling van lyf teen lyf soos by die Jabbok, funksioneer. Eers van hierdie God met wie 'n mens van naby worstel, hyg en hoop, kan vervolgens gesê word, dat Hy was voor die berge gebore is, van oertyd tot eindtyd. Teen hierdie telkens nuwe werklikheid van die Naam breek die onderskeidinge van bo en benede, immanent en transendent, tyd en ewigheid stukkend!

Die woord „god” het as sodanig in die Bybel geen betekenis nie, maar verower onder die mense sin en betekenis: dit is sy transendente, d.w.s. op — ons — inbrekende krag. Ons gee dié woord maar al te dikwels 'n verkeerde bo-natuurlike betekenis en van hierdie „substansialisme” kan die sekularisasie ons bevry. Of ons dui die woord as neerslag van religieuse er-

varinge en rites van die ou Bybelskrywers („operationeel”). Die geskiedenis van die woord „God” is dat dit geen bepaalde betekenis het nie, maar in die geskiedenis betekenis kry. Die Naam is teenwoordig, funksioneer in die heel besondere geskiedenis.

En telkens weer is daar mense — die aartsvaders, die profete, die discipels — wat sê: in hierdie worsteling, in hierdie direkte gebeurtenisse herken ek dat dit Hy weer is, die Naam, wat ook vroeër uitredding beteken het. Dan word daar geskiedenis gemaak, omdat die natuurlike geskiedenis van die mensheid deurbreek word.

Dit gaan juis nie om die menslike werksaamhede nie: die verhaal, selfs die verteller (Israel, die Kerk) bestaan by die gracie van dit wat verhaal word. Daarom is die vraag agter alle diskussies rondom die sekularisasie, die vraag nou na die funksionering van hierdie selfde kragdadige Naam.

Hierdie artikel wil nie voorgee om 'n oplossing te kan bied van die sekularisasie-vraagstuk nie. Dit probeer wel om by te dra tot die juiste stelling van hierdie sentrale vraag, wat ver bo die teoretiese bestek uitgaan, omdat dit die totale houding van die Kerk in die huidige wêreld raak. ★

PRO VERITATE

Verskyn die 15de van elke maand.

Korrespondensie en Administrasie:

Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:

Postbus 487, Johannesburg.

Redaksionele Bestuur:

Dr. B. Engelbrecht,
Ds. A. W. Habelgaarn,
Ds. E. E. Mahabane,
J. E. Moulder,
R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms.

Eindredakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate:
R1 per jaar vooruitbetaalbaar.
Oorsee: R1.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate” (Edms.) Bpk., Postbus 487, Johannesburg.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

PRO VERITATE

Inleidingsartikel.

GOD, DIE GESIN EN DIE OWERHEID

In „Dagbreek en Sondagnuus” van 28 Junie het daar kritiek verskyn op 'n artikel van prof. Monica Wilson wat in ons Mei- en Junie-uitgawes verskyn het waar die saak van die ontwriging van die gesinslewe van die Bantoe aangeraak is ook na aanleiding van ons huidige wetgewing. Die vraag is gestel of dit die standpunt van ons blad vertolk en ons herhaal die antwoord dat ons ons stel op die eis van Gods Woord ten opsigte van die huwelik en die gesin. Dis seker nie nodig om te sê wat daardie eis is nie behalwe om te beklemtoon dat die Skrif die onverbreekbaarheid van die gesinsverband as grondvereiste stel vir enige gesonde samelewing.

Daar is verwys na die plig van die owerheid om 'n gesonde beheer oor die instroming van arbeid te bewaar. Dis volkome korrek dat die owerheid sodanige reg en plig het en niemand kan daar enige beswaar teen opper solank dit geskied met volle erkenning en handhawing van die gesinsverband wanneer sodanige kontrak uitgeoefen word. En laat ons dadelik byvoeg dat ook privaatonderneemings soos groot myn- en ander maatskappye wat duisende getroude mans as enkellopende arbeiders aanhou, 'n morele verantwoordelikheid het wat nie ontduik mag word nie.

Dit gaan hier egter nie om instromingsbeheer nie. Die probleem ontstaan waar die staat in uitvoering van 'n sekere beleid, sekere wette maak wat hierdie Skrifbeginsel van die eenheid van die gesinsverband aantast en gesinne deur die mag van die wet op 'n gedwonge wyse van mekaar geskei word.

Dan word dit vir die Kerk en vir die Christen 'n ernstige gewetensvraag wat nie ontwyk mag word nie. Somtyds word die verweer opgewerp dat die fout nie lê in die wetgewing self nie maar in die manier waarop sodanige wetgewing toegepas word. Ons neem aan dat sommige amptenare seker ook die saak verkeerd hanteer, maar ons wil dit duidelik stel dat die grootste gros van amptenare vandag hulle beste doen om op 'n verantwoordelike manier sulke wette op 'n menslike manier toe te pas. Die vraag is egter: as 'n wet inherent indruis teen die eise van Christelike geregtigheid en menslikheid, hoe pas 'n mens dit dan op 'n menslike manier toe?

Wanneer die punt geopper word met staving van talle bewyse van ontwriging van die gesinslewe en die geforseerde skeiding van mans van hulle vroue of vaders van hulle vroue en kinders, dan word soms geantwoord dat hierdie wetgewing die fundering van die hele beleid van die land i.v.m. ons rasseverhoudinge vorm (bv. die Bantoe Stedelike Wysigingswet). Daarop antwoord ons: as dit die geval is en sodanige wetgewing inherent teenstrydig is met die eise van Gods Woord vir die gesin, dan kan dit nooit slaag nie — want dan probeer ons om teen God en sy gebod te stry. En wie Hom teen God se gebod verset, word vernietig.

Ons sê hierdie dinge nie om die taak van ons owerheid te bemoeilik nie. Ons as Christene is ewe diep besorgd oor die bewaring en uitbouing van 'n gesonde gesinslewe onder beide blank en nie-blank. Maar ons besorgdheid — ook oor die voortbestaan van ons eie volksgenote — word vergroot as daar voorgegee word dat deur die wet bewerkte verbreking van die gesinslewe van duisende 'n noodwendige vereiste geword het vir die slaging van 'n beleid. Wie so redeneer en handel bedreig nie alleen die voortbestaan van 'n gesonde gesinsverband van 'n ander ras nie, maar vernietig daardeur die morele grondslag vir sy eie voortbestaan.

Editorial.

THE CRUX OF THE MATTER

THE so-called multi-racial churches (sometimes referred to as the English-speaking churches) are standing at the cross-roads. Having declared in various ways that it is the will of God that the Church should be one and undivided, they are faced with the challenge created by those who take these statements seriously. And the day of decision cannot be delayed much longer and has only been delayed because the members of these churches, both white and non-white, have been too timid and ambivalent in their application of these statements in regard to race relations in the day to day lives of their congregations. The fine phrases which have consciously or unconsciously accompanied the statements declaring the unity and non-racial character of the Church — “gradual evolution”, “ultimate fruition”, “cultural differences”, “spiritual unity”, “patience” — are not only less convincing, but are being seen for what they are: the sounds of clanging symbols. An increasing number of Christians are discovering that it is a distortion of the Gospel to suggest that Christ valued peace above conflict when the truth of His message was at stake. Behind the “gentle Jesus” imagery of the Good Shepherd the fire and sword of the Christ who divided families and cleansed the Temple is being discovered. And in this discovery there is a new awareness of the ministry to which He calls His people — a ministry which is more than comforting the spiritually crippled and will not be satisfied “till we all come in the unity of the faith, and of the knowledge of the Son of God, unto a perfect man, unto the measure of the stature of the fullness of Christ” (Eph. 4:13). J.E.M.

OORDENKING

TEKSVERS: JOHANNES 12:12-26.

„Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen, maar as dit sterf dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.”

Geliefdes, Jesus spreek die woorde van ons teksvers uit, met sy laaste intog in Jerusalem as 'n groot skare om Hom saamdrom om eer aan Hom te bewys.

Alles dui daarop dat die menigte Hom tot Messias wil uitroep, en tot Koning wil verhef. Aan die eenkant wil Hy dit graag met groot blydschap aanvaar. Maar aan die anderkant besef Hy da' hulle onder 'n groot misverstand verkeer. Hulle sien in Hom 'n aardse Koning wat nie langs die weg van lyde oortwin nie. Aan die eenkant is daar by Jesus die hunkering na die Messiaanse heerlikheid, maar Hy weet dat Hy dit moet bereik langs die moeilike weg van lyding en die dood.

Daarom wys Hy die eerbetoen van die skare af en kies Hy om Messias te wees langs die weg van gehoorsaamheid aan sy Vader. Dit is nie die maklike wyse om die Messiaanse heerlikheid te bereik nie maar die pynlike weg van vernedering en lyding. Sy eie persoonlike voordeel en geries en lewe gee Hy prys en kies om verwerp te word en soos 'n misdadiger gekruisig te word om die verlossing vir die ganse mensdom te verkry. Hy vermy nie die weg van die grootste weerstand en vreeslike ontbering nie, want Hy wil gehoorsaam aan sy Vader wees, al beteken dit ook dat Hy aan die kruis moet kom.

Die woorde van ons teksvers is nie slegs 'n hoë ideaal wat Jesus vir die mensdom voorhou nie. Die weg van die koringkorrel gaan Hyself. Hy maak dit sy eie lewenspatroon. So bring Hy die heerlikheid van die lewe met God ook oor die mense. „As die graankorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen, maar as dit sterf, dra dit veel vrug.” — Dit is eenvoudig 'n onweerlegbare natuurwet, wat nie verander kan word nie. Dit is presies die beeld van die werk en lewe van Jesus Christus. Met die verskil: waar dit vir die koringkorrel natuur-wetmatig is om vernietig te word om vrugte te dra en lewe te verseker, kies Jesus Christus doelbewus hierdie weg in gehoorsaamheid aan sy Vader. Hy gaan nie willoos die lyding en die dood in nie. Hy kon dit verhoed as Hy wou. Maar Hy gaan gewillig en doelbewus die godverlatenheid in en tree lewend uit die graf om uitermate verhoog te word en redding oor sondaars te bring.

Dit is duidelik dat Jesus sy navolgers en gelowiges voor dieselfde beslissing stel — „Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe”.

Die navolgers van Christus sal ook op die lydingspad geplaas word. As Hy gely het sal sy dissipels dit nie ontkom nie. En nou beteken dit dat hulle nie hul lewe as 'n selfstandige grootheid moet beskou nie. Die lewe van 'n mens is nie 'n doel in sigself nie. Die waarde daarvan lê in die verhouding en die verbintenis wat dit met Christus het. Dit is ondergeskik aan Christus. Christus en die navolging van Hom kom eerste. Dit was die hoogste waarde. Die lewe op sigself, om dit te behou en te bewaar is van sekondêre belang. Christus moet eerste gestel word, terwille daarvan om christen te wees, d.w.s. in Hom te glo en te gehoorsaam moet jy bereid wees om te sterwe.

Natuurlik moet 'n mens jou lewe as 'n gawe van God beskou en jou lewe nie roekeloos in gevaar stel nie. Maar as dit lewensgevaarlik word om in Christus te glo en Hom gehoorsaam te wees, moet dit jou nie afskrik om in Hom te glo en Hom te gehoorsaam nie. — Dan moet jy kies om te sterwe soos Stéfanus en Johannes Hus en ander begenadigdes. En nie soos die owerstes wat ons teksboekstuk vermeld wat in Jesus geglo het maar dit nie bely het nie uit vrees om uit die sinagoge geban te word.

Want elkeen wat sy lewe as die hoogste goed waardeer verloor soos die ryk dwaas alles waarvoor hy gestry het en sy lewe self. Elkeen wat hom uit selfbehoud, bloot terwille van die behoud van sy lewe onttrek aan moeite en stryd en sterwe terwille van Christus, gaan vir ewig verlore. Maar elkeen wat homself nie in ag neem omdat hy nie van Christus geskei wil wees nie ontvang die ewige lewe.

Wie homself liefhet en sy lewe as die hoogste waarde sien en homself wil laat geld, verspeel sy christen-wees. Hy verloor die band met Christus en verloor sy lewe. Maar elkeen wat sy lewe agteraan in die diens en gehoorsaamheid aan Christus stel, se lewe word vir ewig behou.

Geliefdes, wie hierdie geheim nog nie geleer het nie, weet nog nie wat dit beteken om in Christus te glo nie.

En laat ons nou daarvan kennis neem dat die woorde van Christus in ons teksvers deur niemand anders in die ganse bestaan van die wêreld gebesig is nie, en ook nooit gebesig sal word nie. Dit is nie die ideaal wat ons volk nastrewe nie en dit is nie die lewenspatroon van enige volk op die aardbol nie.

Volkere en leiers van volkere sien altyd die lewe en voortbestaan as 'n doel in sigself — dit is die aard van 'n sondige mens. Vandaar die feit dat ons teksverse van hulle waar is. Hulle bly nie. Hulle kom en gaan. Die volkere het die volksbestaan as 'n selfstandige grootheid gesien en dié wat die sterkste daarna gestrewe het is telkens tot in hulle fondamente afgebreek. Rye van hulle — Babilonië, Egipte, Griekeland, die magtige Romeinse Ryk, Spanje, Frankryk . . . So sal dit in die toekoms met die volkere van die wêreld wees!

Die taal van ons teksverse is nie die taal wat in parlemente gebruik word nie, ongeag watter politieke party aan bewind is.

In die raadsale van die wêreld praat hulle van selfbehoud en handhawing van jouself. Dit is die grondreël van alle kultuur en ekonomie en alle aspekte van die samelewing.

Maar vir Christus gaan dit om lewe ondergeskik aan Hom en terwille van Hom! Daarom is dit alleen die ware Kerk van Jesus Christus wat op hierdie wêreld sal bly en wat verseker is, dat sy die laaste dag nog daar sal wees — dié Kerk wat dit beoefen om soos die graankorrel te sterwe in die grond en veel vrug te dra, wat sy lewe laat in die wêreld.

Gelukkig is die volk in wie se midde daar nog so 'n Kerk is wat dit leer en beoefen. Want lewe is alleen daar in verbondenheid met Christus. As jy terwille van Christus sterwe, lewe jy. As jy strewe na die behoud van jou lewe net om te lewe, gaan jy verlore. Sou die woorde van ons teksvers verstaan word in hierdie tyd waarin ons lewe? — en deur ons verstaan word?

AMEN.

(Oorgeneem uit „Die Christelike Vrou”, Mei, 1964.)

E. P. J. MATOKAKO*

Christian Home and Family Life

Our task was to discuss and plan further seminars to study the whole question of Christian Home and Family Life. We are encouraged and rewarded by making use of what little experience has been gained from the "All-Africa Seminar on Christian Home and Family Life", but hope that in the future more denominations will participate in discussions such as these. If more denominations had joined in the conference at the NAXA Ecumenical Youth Centre the ideal of the Christian Council of South Africa that the work of the Family Life Section should be conducted on an ecumenical basis, would have been advanced.

One of our major assignments was to attempt to understand more fully and clearly what makes for a Christian marriage. What follows is a resume of the lecture and findings on this subject. We were helped in our discussions of marriage by thinking of a marriage as a 'person' and of trying to work out the analogy between the life and development of a marriage.

Thought of in this way we described marriage as a 'marriage-person'.

1. The "Marriage-person":

Up to the present the Church has confronted African society with a negative message concerning the family — "You cannot be polygamists and church members". The more important task awaiting the Church is to spell out what monogamy means in positive terms. A monogamous marriage is not necessarily a Christian marriage. Even the marriage of a baptized girl does not automatically constitute a Christian marriage.

2. The independence of the "Marriage-person":

Genesis 2:24 describes in an unsentimental way the essentially necessary condition for the 'birth' of the marriage-person: leaving the respective families, setting up a apart home from the parental dwelling. From now on the marriage-person is forbidden to speak of 'my' and 'your' family. There is only 'our' family. And unless the couples are independent the nation will not be independent.

In Africa one of the greatest enemies of a Christian marriage is the clan. Husband and wife only have a federal relationship, not a union. He has all his confidential relationships with the brothers of his clan and she with the sisters of her clan. The African wife is thus like an ambassador in a foreign country. She keeps her clan in her heart as a possible refuge in time of need. Her clan is her life-insurance company and her savings deposit. She is first of all the daughter of her mother, in the second place the mother of her children and only in the third place the wife of her husband. Thus husband and wife are not one person, but two business partners living on a contract where each one tries to get the most out of the joint enterprise. In Matth. 12:48-50 Jesus warned strongly against the real idols of marriage in present day Africa — mammon and the clan. Both these idols are effectively at work in the clan-lobola system.

In the traditional African society this custom served to stabilize marriage because the lobola was paid in kind and had to be restored if the marriage broke up. The change over to a monetary economy has corrupted this custom by introducing cupidity and greed. The following vicious circle is at work: the lobola system prevents young men from getting married and favours prostitution; prostitution

favours the spread of venereal diseases; venereal diseases are amongst the most frequent causes of sterility and divorce; sterility is one of the main motives for polygamy; polygamy strengthens the lobola system. Thus the rich possess the monopoly of women because they alone can afford the money for lobola.

Because every human being is a brother or sister for whom Christ died and because at the Cross marriage between God and His Church was established, the only price that can be paid for a human being — the blood of Christ — has been paid. Every other price is a price that enslaves. And because of the death of Jesus, every financial transaction which enslaves a human being is a blasphemy against the Cross.

For these reason some churches in Africa do not bless a couple in church if lobola is paid or received.

3. The growth of the "Marriage-person":

A person is constantly growing and changing. When he stops growing he is dead.

The engagement, the mutual promise to marry is the procreation of the marriage-person. The time between engagement and the actual marriage is its embryonic development. It is hidden from the outside world. It is not yet sure whether birth will take place — miscarriage is possible.

The wedding is the birth of the marriage person. It is made public and the marriage-baby is registered as a new person.

From now on it has to grow. Children's diseases are normal in the beginning and need not to be taken too seriously. But the marriage cannot grow unless there is an honest sharing between the marriage partners. Sharing means speaking together about troubles, complaints, worries, sorrows, plans and desires. Those who are unable to find the first word after a quarrel are unable to share and should not marry.

4. The "Marriage-person" as a living organism

The husband and wife are the main organs of the marriage-person and are represented by the head and the heart.

The husband is the head of the marriage-person who represents it legally and publically. He is expected to act as the captain of the boat — looking ahead, deciding where to live and to provide food and clothing.

The wife is the heart of the marriage-person. She gives warmth and nourishment, is the keeper of the house and brings up the children. If the husband is thought of as the hearth then the wife is the fire in the hearth.

It is also important to notice that the head and heart are equally essential for the health of the marriage-person. If either one or the other does not function as it should the marriage-person becomes sick.

If a husband does not fulfil his responsibilities as 'head', the wife is

tempted to neglect her role as 'heart' and to take over the functions of the 'head'. Then the struggle for power is on.

A man feels unconsciously and secretly inferior to a woman because she has more self-assurance and decides things by intuition and feeling rather than by complicated reflection. Thus the husband is doubly sensitive to criticism which comes from his wife and in order to compensate for his feeling of inferiority is tempted to assume a dictatorial manner.

But a woman also feels inferior to a man and often tries to compensate for this by a passion for fault-finding in her husband. This is the root cause of most marriage quarrels. Thus, if a husband who is constantly depreciated by his wife meets a woman who admires him, he is tempted to go after her. This is often how unfaithfulness and adultery begins.

On the other hand, the more the husband becomes 'head' the more his wife will play the role of heart. Her task is to make her husband 'head' by appreciating his work, by encouraging him. She has to 'knock him into shape'. Then she is not only 'heart' but the 'helpmeet' of Gen. 2:18.

5. The blood of the "Marriage-person":

Love is the blood of the marriage-person. But blood belongs within a person's veins and outside of the person it coagulates. So too love deteriorates outside marriage.

Love has three aspects:

a. The physical aspect of love:

The physical aspect of love we call 'sex'. A man can be attracted sexually by any woman even though he does not know her. Sexual excitement is comparable to the watering of the mouth — it happens instinctively at the sight of delicious food. Sex does not see the partner in the marriage as a person but as a means to an end. It is self-centred and looks for its own satisfaction.

Nevertheless sex should not be despised. It has its God-given task as the means of procreation and a source of pleasure.

But in Africa we have to emphasize the fact that sex is just one aspect of love. Most of the confusion and unruliness of young people is due to the fact that this part is taken for the whole and identified with love itself, whereas sex should be one among many other expressions of love.

